HANTAM MUNISIPALITEIT
HANTAM MUNICIPALITY

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, beskik tans oor die volgende vakatures en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. Voorgeskrewe aansoek vorms is beskikbaar by die kantore en op die webtuiste (**www.hantam.gov.za**) van Hantam Munisipaliteit. Hantam Munisipaliteit is 'n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.

1. FINANSIËLE BESTUUR INTERNSKAP (3 POSTE) REF NO: F&C 03/2023-2024

2. INTERNE OUDIT INTERNSKAP (1 POS) REF NO: F&C 04/2023-2024

Dit is 'n kapasiteits bou inisiatief vanaf Nasionale Tesourie met die doel om finansiële kapasiteit binne munisipale finansies te bevorder. Die program het ten doel om gegradueerdes (Interns) die geleentheid te bied om blootstelling te verkry in die verskillende funksies binne 'n munisipale omgewing.

Vereistes:

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

- Baccalaureusgraad (NQF 7) / Nasionale Diploma (NQF 6) met Ekonomie, Rekeningkunde, Finansies, Interne Oudit of Risiko Bestuur
- Rekenaargeletterdheid met praktiese ervaring.
- Hoë vlak van verantwoordelikheid en die vermoë om op fynere besonderhede te let.
- Rekenkundige en syfervaardighede.
- Verslagskrywing vaardighede.
- Basiese kennis van maandelikse rekonsiliasies.
- Moet bereid wees om in alle afdelings van die Direktoraat Finansies diens te doen.
- Moet bereid wees om 'n Internskap kontrak te teken met aanstelling.
- Goeie geskrewe en verbale kommunikasie vaardighede.

Sleutel prestasie areas:

- Algemene Finansiële Bestuur, met verwysing na die Munisipale Bestuurswet 56 van 2003 sowel as ander wetgewing van toepassing op die Munisipaliteit.

- Uitgawes bestuur en verwante aktiwiteite.
- Inkomste en kontant bestuur en verwante aktiwiteite.
- Voorsieningskanaal bestuur en verwante aktiwiteite.
- Begroting bestuur en verwante aktiwiteite.
- Finansiële rekeningkunde (te boek stel van transaksies).
- Interne kontrole ouditering en risikobestuur.
- Blootstelling aan die opstel van jaarlikse Finansiële State.
- Diverse funksies en verantwoordelikhede binne die Munisipale bestel.

STANDPLAAS: Calvinia

SALARIS: R 100 000.00 Per jaar alles insluitende pakket.

SLUITINGSDATUM: Vrydag, 24 November 2023

Gesertifiseerde afskrifte van u Identiteitsdokument, Kwalifikasies, Getuigskrifte nie ouer as 6 maande nie asook ‘n volledige CV moet u aansoekvorm vergesel. Indien u nie binne 3 weke na sluitingsdatum terugvoering van die Munisipaliteit kry nie, kan u u aansoek as onsuksesvol aanvaar.

Neem kennis:

- Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word.
- Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
- E-pos aansoeke sal ook aanvaar word.
- Gunswerwing by Raadslede en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van Hantam Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
- Maak asseblief gebruik van die korrekte aansoekvorm soos per webtuiste voorsien.

Aansoeke kan gerig word aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder by die onderstaande adres:

Mnr. T.M. Tlhoaele
Tel: 027-341 8500
Faks: 027-341 8501
E-pos: records@hantam.gov.za

Hantam Munisipaliteit
Dr. Nelson Mandela Rylaan 20
Privaatsak X14
Calvinia, 8190

Navrae kan gerig word aan:

Hoof Korporatiewe Dienste:
Me. E.de Wet, by
edewet@hantam.gov.za

- Hantam Munisipaliteit behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te doen nie.